

BENODIGDHEDE: Ongeveer 250 g Coats Tridalia Nr. 8 (50-g-bolle); hekelpen van 1,25 mm.

MATE: Ongeveer 120 x 50 cm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; sp(s) – spasië(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; st(e) – steek (steke).

Filetspasie: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

Filetblokkie: 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2 ste of vlg sp, 1lb om blokkie te voltooi.

AANWYSINGS: Hekel die middelste reghoek eerste, en begin met motief by lyn A-A. Hekel 297ks, draai en plaas eerste lb in 4e ks vanaf hekelpen.

Raadpleeg diagram en hekel voort tot lyn C-C bereik is, herhaal dan een keer, vanaf lyn B-B tot C-C, maar sonder takmotief.

Voltooi gordyn daarna met 3 rye filetspasies, en dan die 15 rye van rand, wat in omgekeerde volgorde gehekel moet word.

OMRANDING: Voltooi eers die twee lang rande, volg diagram en begin met 2 rye filet-sps, dan die roosmotiewe, en uiteindelik nog een ry filet-sps.


Herhaal vir tweede rand. Hekel dan elke skulp aan onderste rand afsonderlik.

Die alleruiterste omranding kan met 'n rand kortbeentjies afgewerk word om dit te verstewig, indien gewens. ●



Versamelstuk

Voëls van eenderse vere



**DIAGRAM
VIR VOËL
GORDYN
SLEUTEL TOT
DIAGRAM**

□ – spasië

⊗ – blokkie